Hello Almal,

Ons loer gou in met bietjie nuus en gebedsversoeke!

Hier by ons gaan dit goed. Die reën begin darem minder word, en die dae langer. Ons kom dit agter as ons soggens 05:15 gaan stap. Eers was dit lekker lig, maar nou is dit nog skemer en moet ons die tyd aanpas.
In Morombe het alles goed gegaan. 10 Aspirant pioniers opgelei wat nou op proeftydperk is. Ons sal Dv. rondom 7 Junie terug gaan na Morombe om die wat ons dan gaan keur aan te stel. Ons sal graag ten minste sewe van hulle wou aanstel.

Ons vertrek Dv. 6 April na Morondava in die Menabe area waar ek nog tien gaan oplei, met die oog daarop om ten minste sewe ook daar aan te stel na voltooiing van hulle proef. Bid asb. dat Vader die regte mense sal stuur en dat ons ons vertroue in Hom sal plaas en nie op ons eie bekwaamhede sal staatmaak nie.
Daarna, vanaf 4 Mei gaan ons nog tien oplei in Mananjary en vanaf 13 Mei, tien in Farafangana. Dit is aan die ooskus van Madagaskar. Uit die twintig sal ons hopelik 18 kan aanstel na voltooiing van proef wat twee maande duur. Ons sal dan terugkeer na genoemde plekke vir finale keuring en aanstelling. Dit beteken dat ons teen einde September 70 voltydse manne en vroue (pastore en evangeliste) in die veld sal hê wat strategies in die suide van Madagaskar ontplooi is. Eer aan God wie besig is om ons grondgebied te vergroot en Sy koninkryk in Madagaskar te bou! Ons dank Hom dat ons bevoorreg is om getuies te wees daarvan!
Intussen moet ons ook nog hier teen einde Julie/ Augustus vir julle kom kuier as deel van ons jaarlikse deputasiewerk. So, ons program is redelik vol, maar ons dank Vader daarvoor.

Nou, al die goed hierbo genoem beteken eidelose geduld en toewyding. In Madagaskar gebeur hierdie goed nie sommer net nie. Met die karige infrastruktuur en swak kommunikasie, is dit ń reuse taak om ń paar ouens op dieselfde tyd bymekaar te kry. Die logistiek en die paktiese reëlings daar agter, verg baie energie en vasbyt. Hou in gedagte dat sommige van die studente en hulpwerkers, soms 2 tot 3 dae moet reis om daar tekom. Ons moet ook akkomodasie en kos voorsien. Hulle het nie finansies om in daardie behoeftes te voorsien nie. Meeste het ń gesin waarvoor hy/sy moet sorg. Ons vra asb. voorbidding vir al die reëlings asook vir die studente. Bid dat hulle ń leerbare gees sal hê en dat hulle getrou sal wees in hulle bywoning. Ons bid ook vir almal se veiligheid, veral ons reis na Morondava en terug. Ons was al in die verlede op hierdie roete deur rowers aangeval. Bid ook vir ons gesondheid en vir onderskeidingsvermoë. In die geesteswêreld betree ons satan se gebied. Ons het nodig dat julle eensgesind saam met ons sal staan teen sy aanvalle. Bid saam met ons dat ons geestelik wakker sal wees en die aanvalle sal sien en afweer. Ons plaas al hierdie aktiwiteite in God se hand en vertrou Hom daarvoor. Ons wèèt ons is in Sy wil en daarom is ons nie huiwerig nie. Ons is egter nie roekeloos nie en daarom vra ons dat julle ons sal toevou in gebed en sodoende ons arms hoog hou. Ons sál as oorwinnaars uit die stryd tree ter ere van Sy Naam !

Ek sal waar moontlik op Fb “updates” pos soos wat ons aangaan. Hou gerus dop.
Groete van huis tot huis. Mag God julle seën en bewaar.

Tot ons weer gesels.....

Vrede vir julle!!

Nic en Tina.

.....
Yours truly,
Nic.

"It is amazing what you can accomplish if you do not care who gets the credit." – Harry Truman

Nic Strydom (CEO)
Vonjy Company.
Lot 28C : Mandriambero : Antananarivo : 101 : Madagascar.
Email: vonjycompany01@gmail.com # strydomnic@gmail.com.

And then I heard the voice of the Master: "Whom shall I send? Who will go for us?" *I spoke up, "I'll go. Send me!"*
Isaiah 6:1-8 MSG